## 8 Mei 2024 - Lesing 7 - Die Groot Johannes Evangelie - Boek 1 (Jakob Lorber)

Boek 1 - Hoofstuk 5

[13] Wat `n nederige getuienis lewer Johannes voor die priesters en die Leviete, aangesien hy volkome bewus was Wie aarde toe gekom het as die Messias. **Maar wat is dit nou vir so `n wêreldse wyse priesterdom!** Hulle het Johannes se ware getuienis geïgnoreer want hulle het nie erg gehad aan `n nederige, arme en beskeie Messias nie, **maar wou een gehad het waarvoor elkeen moes beswyk van vrees en angs.**

[14] Met sy eerste verskyning—natuurlik nêrens anders as in Jerusalem nie—wie sigbaar sal moet neerdaal vanaf die Hemele en wie sal moet skyn helderder as die son, vergesel van ontelbare engele en **wat slegs in die tempel gaan inwoon**, moet hierdie Messias onmiddellik al die bestaande heerskappye afskaf en vernietig, onmiddellik die Judeërs onsterflik maak, hulle voorsien van al die geld op aarde en sal ten minste honderde oortollige berge met dawerende geraas in die see moet gooi, en terselfdertyd ook die arm, vuil gepeupel teregstel! Dan sou hulle in hom geglo het en sou gesê het, "**Meester, U is so vreeslik sterk en magtig, almal sal diep moet neerbuig voor U** en hulleself in die stof neergooi, en die hoëpriester is nie waardig om U skoenrieme los te maak nie".

[15] Maar die Messias het aarde toe gekom, werklik arm, onbeduidend en klaarblyklik swak, het nie een teken bewerk voor die oë van die vooraanstaandes vir amper dertig jaar nie. Hy het hard gewerk saam met Josef as `n skrynwerker en het die geselskap van die laer klasse opgesoek. Hoe kan, in die oë van die trotse en baie wyse Judeërs, dit dan die langverwagte Messias wees? Weg met so `n lasteraar, so `n towenaar wat sy prestasies tot stand bring met die hulp van die hoofduiwel! So `n ongepoetste en vulgêre skrynwerker wat iewers met die hulp van Satan geleer het om towery te beoefen, wie kaalvoet loop, wie `n vriend is van die laagste gepeupel en wat met hulle rondwandel, wat hoere ontvang en eet en drink in die geselskap van openbare sondaars en daardeur die wet openlik teenstaan—hoe kan hy ooit die Messias wees, **die beloofde Mashiag** (in Hebreeus)?

[16] Dit was die opinie oor My deur **die verhewe en wyse Judeërs** gedurende My volle teenwoordigheid in die vlees op aarde. **En presies dieselfde beskouing word vandag nog gehuldig deur miljoene omtrent My,** wat net gladnie wil hoor van `n sagmoedige vergewensgesinde Elohim Wie Sy woord hou nie

[17] Eerstens, hulle god moet hoog bo die uitspansel wandel en as gevolg van Sy oneindige verhewendheid, feitlik nie bestaan nie. Daar word nie verwag dat hy enigiets minder as sonne moet skep om `n waardige god te wees nie. Tweedens, hy mag nie waag om enige ander vorm aan te neem nie, laat staan nog `n menslike vorm, **maar hy moet `n onverstaanbare absurditeit wees.**

[18] Derdens, as die Messias moontlik Elohim/God kon wees, mag Hy Homself slegs bekend maak deur die innerlike Woord **aan die lede van die professie, aan sekere verenigings, rade, buitengewone vromes, dwepers omring met die sogenaamde ligkrans (hálo) en modelle van reinheid,** en moet onmiddellik so `n geseënde een toerus met mag om berge te skuif. Andersins kan daar geen goddelike boodskappe of openbaringe bestaan deur die Messias nie.

19] Die Meester JaHshua mag Homself **ook nooit bekendmaak aan `n leek of selfs `n sondaar nie**, want in so `n geval sal die openbaring alreeds onder verdenking wees en sal nie aanvaar word nie, net soos Ek nie aanvaar was deur die hovaardige Judeërs nie, want in hulle trotse en eersugtige oë was My verskyning by verre nie genoegsaam goddelik en eerbaar nie. Hoe dit ookal sy, dit maak nie saak nie. **Wat saak maak is slegs die getuienis van Johannes.**

[20] Die wêreld verander nie en gaan voort om die woestyn van Betabára te wees waar Johannes getuienis gegee het. –Maar ook Ek verander nie en sal aanhou kom na die mens **om sy hoogmoed te onderdruk en om ware nederigheid en liefde op te wek** op dieselfde manier waarop ek na Judea gekom het. Geseënd is hulle wie My sal herken en sal aanvaar soos Johannes volgens sy getuienis aangaande My voor die oë en ore van die hoogmoedige priesters en Leviete gedoen het, en hulle daardeur grootliks ontstig het.

*29. Die volgende dag sien* ***Johannes*** *vir JaHshua na hom toe kom en sê: "Kyk, daar is die Lam van Elohim, wat die oortreding van die wêreld dra!"*

[21] Die volgende dag, met hierdie gesante nog steeds in Betabára, daar om uit te vind wat hierdie Johannes besig was om te doen en waaroor hy hoofsaaklik gepredik het, getuig Johannes weer aangaande My, en dat tydens die bekende geleentheid van My koms na hom vanuit die woestyn Ek hom sal versoek om My te doop in die water van die rivier.

[22] Alreeds soos wat Ek aankom na hom toe wys hy die leier van hierdie afgevaardigdes daarop, wie gedurende die nag dit bepeins het wat hulle van **Johannes** van My gehoor het, naamlik, "Kyk, die Een wat aankom is die Lam van Elohim Wie al die mens se swakhede op Sy skouers geneem het, sodat alle mense wat Hom sal aanneem `n nuwe

lewe kan ontvang en sal die krag binne-in hulle hê, as gevolg van so `n nuwe lewe, om kinders van Elohim/God genoem te word. Want JaHWeH kom nie in die storm of die vuur nie, maar Hy kom net in die sagte bries."

*30. "Hierdie is die Een van Wie ek (gister) gesê het, na my kom iemand wat voor my was, want Hy was daar voor ek was."*

[23] Hier herhaal Johannes weer `n keer wat hy die vorige dag aangaande My aan die afgevaardigdes gesê het. Aan die een kant getuig hy van My dat ek na die mens gekom het, as`t ware, soos `n spieël van die mens se ware onmisbare nederigheid en deur hierdie nederigheid te bewys dat Ek gekom om die mens in sy swakheid te help **en nie in hulle veronderstelde krag nie,** wat hulle gladnie besit het nie. Aan die ander kant, getuig Johannes ook dat die Een wat hy die **Lam van God** noem, ook Hy is wat alle bestaan voorafgegaan het, want die uitdrukking, "*Hy was voor my*" beteken dat Johannes - wat vir `n oomblik die verhewe Gees in Hom herken het—te kenne gee aan die afgevaardigdes dat, alhoewel dieselfde oorspronklike Gees van dieselfde natuur in hom woon, was Hy ingebring in `n vrye en totaal onafhanklike bestaan slegs deur die krag van die Eerste Oorsaak—die oorspronklike Bron en Skepper—**inwonend in hierdie Lam** en nie deur Sy eie krag nie. Deur so `n voortbrenging tot onafhanklike bestaan—`n ware daad van die Eerste Oorsaak—het die eerste siklus ook begin, waar daar vroeër niks in die hele oneindigheid was, behalwe die Eerste Oorsaak JaHWeH en, trouens, presies Hy soos nou sigbaar voor hulle oë in hierdie Lam van Elohim wat begeer om deur hom (Johannes) gedoop te word.